Psalm 17/2 : Gebed van 'n onskuldigde (1,2,10-15)

'n Gebed van Dawid

Refrein = Teks: TT Cloete 2001. Melodie: *Mon Dieu, preste moy l'aurelle* (Psalm 86) – Guillaume Franc, Straatsburg 1545; Genève 1551

Refrein



Almal: Luister tog, Here, na my regverdige saak, let op my hulpgeroep.
Hoor tog die gebed wat ek in alle opregtheid bid.
U sal uitspraak lewer in my guns: u oë sien immers self wat reg is.
Mans: Sonder enige meegevoel, met monde wat aanmatigende dinge sê,
omsingel hulle my waar ek ook gaan.
Vroue: Hulle soek my ondergang.
Mans: Hulle is soos leeus, oorgehaal om te verskeur,
soos jong leeus wat iets voorlê.
Refrein: U sal my, as ek onwaak, met u beeld versadig maak.
Almal: Kom tog, Here, staan hulle voor, dwing hulle op die knieë.
Red my met u swaard uit die mag van die goddeloses,
met u eie hand, Here, van hierdie mense.
Mans: Laat hulle ontydig omkom, sny hulle lewens af;
laat hulle vol eet aan die onheil wat U vir hulle gereed hou;
Vroue: laat daar oorgenoeg wees vir hulle kinders
en laat daar nog oorbly vir die kindskinders.
Refrein: U sal my, as ek ontwaak, met u beeld versadig maak.
Almal: Maar wat my getref, omdat die reg aan my kant is, sal ek weer voor U staan.
As ek wakker word, sal ek my verbly in u teenwoordigheid.
Refrein: U sal my, as ek ontwaak, met u beeld versadig maak.